

Redakteursnota

Verskillende uitgangspunte oor staat en samelewing (gedurende 2016 en 2017), asook kritiese bespreking van studies oor ekologiesekritiek (2018), is in vorige uitgawes in die rubriek *AKTUEEL* gehuisves.

In hierdie afdeling publiseer ons twee artikels deur Wessel Pienaar oor padprojekte, tesame met 'n repliek daarop deur Ewert Kleynhans. Belangstellendes en toekomstige navorsers kry hierdeur die geleentheid om as 't ware tegelykertyd aanvullende en/of teenstellende standpunte oor dieselfde saak te kan bedink.

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* beweeg hiermee op die voorpunt van die jongste praktyke in internasionale publikasie, waar artikels saam met substansiële keurdersverslae gepubliseer word. Dit gebeur dikwels dat eweknie-evaluering nie net gaan om goed- of afkeuring van 'n navorsingsartikel nie, maar ook om die uitruil van inligting en wedersydse slyping van standpunte en perspektiewe oor bepaalde sake.

Die redaksie rig hiermee weer eens 'n ope uitnodiging aan belangstellende lesers om gesigspunte en standpuntinnames in hierdie rubriek te deel, hetsy by wyse van 'n korter stuk, of ook 'n volwaardige artikel.

INA WOLFAARDT-GRÄBE
Februarie, 2019